

# Opbergingsektor sien groot groei in produksie

Die afgelope drie dekades het die produksie van graan en oliesade bykans verdubbel. Die opbergingsektor moet verseker dat daar voldoende opbergingsinfrastruktuur beskikbaar is.

Kommersiële opbergers (Agbiz Grain se lede) hanteer gemiddeld 70% van alle graan en oliesade wat in Suid-Afrika geproduseer word en besit gesamentlik ongeveer 98% van al die JSE-geregistreerde silo's. Die opbergingsektor lewer gevolglik 'n onmisbare bydrae in die graanwaardeketting en verseker dat die mark doeltreffend funksioneer.

In Europa neem die sektor die vyfjaargemiddelde produksiesyfer in ag om te bepaal of daar voldoende opbergingsinfrastruktuur beskikbaar is.

As die vyfjaargemiddelde produksiesyfer meer as die beskikbare kapasiteit is, regverdig dit belegging in bykomende silo-infrastruktuur. Andersins maak dit nie finansieel sin om in opbergingsinfrastruktuur te belê nie. Die benutting van die opbergingsinfrastruktuur is dan te laag en lewer nie die vereiste opbrengs op belegging wat aandeelhouers vereis nie.

## Toename in produksie

Sedert deregulering het tegnologiese ontwikkelings groter produksiedoeltreffendheid teweeg gebring en daartoe gelei dat die totale produksie van graan en oliesade in Suid-Afrika toegeneem het. Die behoefte aan bykomende infrastruktuur het dienooreenkomstig toegeneem. Sedert die 1994-'95-produksiejaar het dit 28 jaar geduur voordat Suid-Afrika se produksie van 10 240 780 ton met nagenoeg 98% toegeneem het tot 'n vyfjaargemiddelde van 20 307 942 ton in 2022-'23. Dié syfer sluit mielies, koring, gars, sorghum, sojabone, sonneblomsaad, kanola en grondbone in.

Oor die tydperk het produksie met gemiddeld 3,5% per jaar toegeneem. Wat merkwaardig is, is dat die produksie van graan en oliesade oor die jongste agt jaar met 4 767 035 ton, oftewel 31%, toegeneem het teen 'n gemiddelde groeikoers van 3,8% per jaar. Oor die jongste vier jaar tot 2022-'23 het die vyfjaargemiddelde produksie van graan en oliesade toegeneem met 4 392 266 ton, oftewel 6,9% per jaar. Dit dui op die skerp toename in die benutting van bestaande en nuwe opbergingskapasiteit.

## Voldoening en naspeurbaarheid

Met die toename in produksie het die vraag na naspeurbaarheid by die verbruiker en verwerker toegeneem. Die meng van graan en oliesade in groot silobuise maak die naspeurbaarheid van graan en oliesade vanaf die verbruiker tot die produsent kompleks wanneer 'n dispuut verklaar word en dit na die produsent teruggespeur moet word.

In hierdie stadium is dit belangrik dat elke sektor in die waardeketting aan die vereiste wette en regulasies, soos van toepassing op die sektor, voldoen.

## Versekering en finansiering

Volgens Agbiz Grain se graanopbergingskoste-indeks wat uit 23 koste-items bestaan en op subindekse van onder meer die produsenteprysindeks gegrond is, blyk dit dat die versekeringskoste vir silo-infrastruktuur en kommoditeite in opberging die grootste toename getoon het. Die opbergingsektor word oor dieselfde kam geskeer as die vervaardigingsektor in Suid-Afrika.

Indien die risiko's vir die vervaardigingsektor uit die oogpunt van versekeraars te hoog raak, verhoog versekeringspremies, asook die vereistes wat versekeraars aan vervaardigers stel. Die opbergingsektor moet dus seker maak dat die sektor homself van die vervaardigingsektor onderskei, en toon dat die sektor risiko's reg bestuur en dat die sektor versekerbaar is.

Dit kan daartoe lei dat versekeringspremies vir die opbergingsektor nie buitengewone stygings toon nie, maar dat premies in reële waarde selfs kan verlaag. Uit 'n finansier se oogpunt is dit net so belangrik dat die opbergingsektor versekerbaar moet wees.

Kommersiële opbergingstrukture het stelsels om die risiko vir versekeraars en finansiers te bestuur en om voldoening aan wetgewing en regulasies te bewys. Die wetgewing en regulasies handel oor die veiligheid van personeel en hul gesondheid in die werkplek. Opbergers moet ook aan wetgewing en regulasies ten opsigte van die omgewing en die gehalte van die kommoditeite wat opgeberg word, voldoen. Om aan al die vereistes te voldoen, word koste aangegaan.

Die vraag is of alle markdeelnemers en nuwe toetreders tot opberging ook aan die vereistes voldoen om die opbergbaarheid van die opbergingsektor te verseker. Stel die verbruikers van graan dieselfde vereistes aan alle verskaffers van graan en oliesade as waaraan kommersiële opbergers moet voldoen?

Die koste aan opberging is nie net beperk tot die kapitaaluitleg om silo-infrastruktuur op te rig en om die opgebergde kommoditeit te verseker nie. Alle aanlegte wat graan en oliesade opberg, moet hulself vergewis van die koste wat met die hantering en opberging van graan gepaard gaan om aan wetgewing en regulasies te voldoen.

Vir versekeraars en finansiers behoort dit ewe belangrik te wees dat opbergingsaanlegte by kommersiële opbergers en op die plaas aan wetgewing en regulasies moet voldoen om hul risiko te beperk.

Woon gerus die Agbiz Grain-simposium van 5 tot 8 September aanlyn by en luister na die kwessies waaraan die sektor blootgestel word, asook die belangrike rol wat die opbergingsektor speel in 'n doeltreffende en volhoubare graanmark. **LBW**

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*